

Redaksie

Dr. E. Viljoen, Beaufort
emys04@gmail.com

Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@sales.co.za

Medewerker

Dr. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1975@gmail.com

VOX VIVA

Mei 2009 **Nommer 77**

INHOUDS OPGAWE

Vox Viva en Gereformeerde Biblioteek

...1

Met hart en mond en hande

...2

Pinksterblydskap by Gereformeerdes

...5

As julle deur die Gees lewe, stap dan ook in gelid met die Gees

...6

God is Koning

...7

En nou ná Pase

...8

Pinkstervuur?

...10

Jerusalem se welsyn

...14

Vox Viva en Gereformeerde Biblioteek

J van der Linden

Ons is baie bly om bekend te kan maak dat daar (as die Here wil) van nou af 'n samewerking sal wees tussen Vox Viva en die Gereformeerde Biblioteek. Hierdie samewerking hou in dat die twee organisasies mekaar wil help om hulle gesamentlike doel te bereik, sonder dat eie bestuur en verantwoordelikhede van elkeen van hierdie organisasies prysgegee word.

Die Gereformeerde Biblioteek is 'n nuwe webwerf wat ten doel het om (Afrikaanse) gereformeerde literatuur kosteloos beskikbaar te stel. Deur die jare is daar in verskillende tydskrifte of ander mediums baie waardevolle artikels, ens. geskryf. Baie van hierdie materiaal het onder die stof weggeraak of kan baie moeilik opgespoor word. Die Gereformeerde Biblioteek het as doel om hierdie materiaal te vergader en te kategorieer. Sleutelwoorde word ook aan die artikels toegeken om soektogte te vergemaklik en te verbeter.

Die Gereformeerde Biblioteek verbind homself volledig om gereformeerde te wees. Alle artikels word getoets aan God se Woord en die gereformeerde belydenisgeskrifte. Daarom dat ons as Vox Viva ons ook tuis voel op hierdie webwerf!

U kan omtrent al die vorige artikels wat in Vox Viva gepubliseer is, reeds op hierdie webwerf vind. Verder sal die mees onlangste uitgawes van Vox Viva (in sy geheel) ook daar afgelaai kan word. Toekomstige (nuwe) belangstellendes in Vox Viva kan gratis en maklik op hierdie webwerf inteken.

Nuwe ontwikkelinge by die Gereformeerde Biblioteek sal in Vox Viva genoem word. 'n Mens kan immers gereeld 'n biblioteek besoek, sonder om noodwendig 'n verskil agter te kom – al is daar in werklikheid baie nuwe literatuur bygevoeg!

Gaan besoek gerus die webwerf www.gereformeerdebiblioteek.co.za. Mag die Here gee dat die verbinding van Vox Viva en Gereformeerde Biblioteek daartoe sal dien om tot nog groter seën te wees vir alle gereformeerdes in Suid-Afrika!

Met hart en mond en hande (1)

EA de Boer

Hierdie aanhaling uit 'n gesang, wat as titel bo die artikel staan, kom baie keer in ons gedagtes op. So wek die Heilige Gees blye stemminge by ons!

"Kom, dank nou almal God
Met hart en mond en hande,
loof Hom wat wonders doen
tot in die verste lande"

God doen groot dinge. Ons as mense mag ook goeie dade of mooi werke doen. Baie keer het ons organisasies wat namens alle kerkmense groot dinge in ander lande doen. Maar hoe lyk dit in ons eie land, met die naaste by ons? Wat is ons motief om klein dingetjies in God se groot Naam te doen? Daar is genoeg klein dingetjies wat ons kan doen, wat betekenis het in die groot werk van God. Dank ons God regtig ook met ons hande? Gaan die dank aan God ook op, as ons die naaste wat naby ons is, in die geloof dien?

1. Diakonie na buite

CJ de Ruijter het twee artikels geskryf oor hoe die diakonie 'n taak buite die gemeente het: "Diakonie na buite". Hy formuleer versigtig 'n paar belangrike uitgangspunte. In die eerste plek moet die werk van barmhartigheid nie los gemaak word van die verkondiging van die blye boodskap nie. In die tweede plek moet die gemeente diakonaal ingeskakel word. Ek sou hier wil byvoeg: nie alleen deur te gee nie, maar ook deur *iets te doen*. Hierdie twee artikels is beslis inspirerend. Tegelykertyd is hulle vaag deurdat De Ruijter net voorbeelde van die daadwerklike diakonie na buite noem. Wel wys hy op die verbinding van evangelisasie met hulpverlening. Evangelisasiewerk kan baie mooi deur 'n plaaslike gemeente gedra word. Maar daardie dra-vlak word steeds groter, as daar 'n diakonale dimensie bygevoeg word.

Een vraag bly staan: loop daar 'n lyn van Woordverkondiging na die barmhartigheidswerk of kan dit omgekeer word? Kan die kerk ook eers begin met diakonale werk onder mense, terwyl die Woord dan mettertyd (waar moontlik) gesprek sal word?

In hierdie artikel wil ek vanuit 'n konkrete plan skets hoe die Bybel myns insiens ons 'n diakonale taak buite die kerk gee. Vervolgens wil ek die opset van die plan toets aan die uitgangspunte wat De Ruijter aangedui het.

Hierdie konkrete plan is 'n hospice, of huis vir ongeneeslike siekes. Die nuwe van hierdie plan is dat dit oor die daadwerklike barmhartigheid gaan, teenoor mense wat moontlik nie lid van 'n Gereformeerde kerk is nie, mense wat veral nie deel in die voorregte van die gemeenskap van die heiliges nie. Is daar in die Bybel enige aanleiding om aan *barmhartigheidswerk na buite* te dink? En lê die Here miskien self ook 'n verbinding tussen die verkondiging van die Evangelie en goeie dinge vir die naaste doen? Die antwoorde op hierdie vrae is noodsaaklik, omdat evangelisasie ons beperkte sig binne die eie kerk nog maar onlangs deurbreek het. Waar lê die grense om die kerk?

Kan die kerk ook eers begin met diakonale werk onder mense, terwyl dan mettertyd (waar moontlik) die Woord gesprek sal word?

2. Volk en vreemdeling (OT)

In die Ou Testament word daar sterk gefokus op die *een volk*, wat deur die Here uitverkies is uit al die volke van die aarde. Hoe sterk hierdie refrein ook al mag wees, daar klink ook 'n ander klank deur. Die wette wat die HERE gee, moet Sy volk se eie nasionale en geestelike lewe in die nuwe land reël. In die *wette* van die HERE word ook die ander klanke gehoor: die HERE self gee aandag aan die buiteland, "die vreemdeling wat in jou poorte is". So het God se volk 'n eie samelewing gevorm - Israel. Israel se wetgewing het mense uit die buiteland, meestal die vyandige volke, onderskei in twee groepe: nl. vreemdelinge en bywoners.

Bywoners is dié wat deur allerlei lotgevalle by Israel aangekom het, maar ook weer vertrek. Die vreemdeling is die buiteland wat ondertussen 'n *vaste plek onder God se volk* gevind het. Die lotgeval wat hom in Israel gebring het, is meer as net 'n toevalligheid. Die leiding van die HERE, die God van Israel, moet in sy lewe gesien word. God

**God loves us not because of who we are,
but because of who He is**

het immers in sy wette al vantevore ruimte vir hulle geskep, ruimte om te midde van God se eie volk 'n bestaan op te bou.

Die seën van die HERE in die land mag ook strek oor die vreemdeling. Die Sabbat is ook daar vir die "vreemdeling wat in jou poorte is" (Ex. 20:10). In die uitwerking van die 10 gebooië sê die HERE: "Jy mag die vreemdeling ook nie verdruk nie; want julle ken self die gemoed van 'n vreemdeling, omdat julle vreemdelinge in Egipteland gewees het" (23:9). Nasionaal mag die gevoel om vreemdeling te wees, nie vergeet word nie. Positief sê die HERE: "En as 'n vreemdeling wat by jou in julle land vertoef, mag julle hom nie verdruk nie. Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in Egipteland" (Lev. 19:33-34). Die HERE lê dit vas, want "Ek is die HERE julle God, wat julle uit Egipteland uitgelei het" (vs. 36). Ook as die volk op die punt staan om die beloofde land binne te trek en hul geslote samelewing op te bou, kom herinner die HERE hulle nog 'n keer daaraan hoe dit later moet wees: julle moet "die vreemdeling liefhê deur hom brood en klere te gee" (Deut. 10:18-19).

... binne die beskerming van die HERE mag ook ander hul lewe lei en God se sorg en seën geniet

Wat 'n duidelike motief: die herinnering aan eie bevryding deur die HERE. "Julle weet hoe 'n vreemdeling voel". Deur middel van hierdie wette wil dit voorkom asof die buiteland 'n *buitestaander* binne die bevoorregte volk van God bly. Die vreemdeling word deur die HERE op een lyn geplaas met die weduwee en die wees en soms selfs met die Leviet. Deur die besnydenis kon hulle heeltemal in die volk opgeneem word. U volk is my volk, u God is my God, het 'n vrou gesê - Rut. Maar ook sonder dat daar volledige opname in die volk was, moes die vreemdeling die godsdienstige wette, soos offers en feeste onderhou (Lev. 16:29; 17:8; 22:18) en afsien van heidense gewoontes (Lev. 20:2; 24:16).

God se volk het in Kanaän 'n eie samelewing geken, sosiaal geslote en beskerm teen die buitewêreld. Die ander volke was oor die algemeen vyande van God se volk. Vir die vreemdeling gaan die grense 'n klein rukkie oop. Hy mag bly, en as hy deel wil word van hierdie volk, dan deel hy ook in God se seëninge. Opvallend is: *onder die beskerming van die HERE mag ook ander hul lewe lei en God se sorg en seën geniet. Die liefde van die dubbelgebod vir Israel bereik ook die vreemdeling.* Wat gebeur daar met die geslote samelewing van God se volk wanneer die nuwe verbond in die Here Jesus begin en die liefde van God volkome openbaar word?

3. Preek en genees (die evangelies)

Die lewenswerk van ons Here Jesus Christus, die werk wat Hy met al sy kragte, tydens Sy hele lewe gedoen het, kan saamgevat word as: preek en genees. "En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees" (Mat. 9:35). Deur die evangelies heen is dit opvallend hoe die twee hand aan hand gaan. Jesus doen van harte groot dinge in God se naam: met mond en hande! Die mense het na Hom gekom "om te luister en deur Hom van hulle siektes genees te word" (Luk. 5:15). Sonder om enige onderskeid te maak, deel Jesus Sy gawes uit. Ook sonder om eers geloof in Homself te vra. "En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak" (Luk. 6:19). Dit het beslis krag van Hom geneem om gesond te maak.

As Johannes die Doper na Hom laat vra, staan daar: "En in dieselfde uur het Hy baie mense genees van siektes en kwale en bese geeste, en aan baie blindes die sig geskenk. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig" (Luk. 7:21-22). So wyd strek die Genesende hande van die Here hul uit. Hy maak die lewe weer nuut wat deur mense besondig en beskadig is.

Daarna gee Hy ook sy twaalf apostels die twee take in hul hande. "En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle mag en gesag gegee oor al

**Waar geen liefde is nie,
gebeur daar in werklikheid niks nie**

- M Luther

die duiwels en om siektes te genees. En Hy het hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak” (Luk. 9:1-2). *Die konklusie is dat genesing van siekes én prediking van die Evangelie hand aan hand gaan.*

Die Here Jesus weet dat Hy gestuur is na die verlore mense van die huis van Israel. Het Hy ook oog gehad vir die *vreemdeling*? Die Romein, die hoofman van Kapernaüm, asook sy kneg kry aandag van die Here. ‘n Romein is in die oë van die Joodse volk eerder ‘n vyand as ‘n vreemdeling. Maar volgens die geloof van die heer ontvang sy kneg genesing (Matt. 8). As Jesus in die land van die Gadaréners ‘n besetene van duiwels bevry het, stuur Hy hom vervolgens na Dekapolis, om daar die blye boodskap te gaan vertel. Dié gebied was vroeër deel van Israel, maar nou is dit ‘n Grieks, heidense gebied (Mark. 5). Op ‘n keer trek die Here Jesus hom terug in die streke van Tirus en Sidon. Ja, Hy kom ook in die *buiteland*! Daar, in die heidense buiteland wys Hy die vrou nie weg nie, ook nie as Hy onderstreep dat Hy self eintlik alleenlik gestuur is na die mense wat die verlore skape van die huis van Israel is (Matt. 15). Sy word Kananése genoem, volgens die ou heidense bewoners van Palestina. Maar deur haar geloof word haar dogter van die bese gees bevry.

Die Here Jesus self sou nie in die buiteland werk nie. Nee, die apostels moed daarheen gaan! Vir die vervolg op sy werk van prediking en genesing het Hy sy vriende gereed gemaak. As die Heilige Gees gekom het, gaan die Evangelie momentum opbou om tot aan die einde van die aarde te kom. Dit wil sê: te midde van elke heidense samelewing op aarde. Ook deur die een keer wat Jesus self gegaan het is dit duidelik: *die prediking en genesing - die mond en hande van die Evangelie - sou spoedig oor die grense na die buiteland gaan.*

4. Gemeente en gasvryheid (die briewe)

Die wonderlike van die kerk van Christus is, is dat dit nou hulle is wat die vreemdelinge van hierdie wêreld vorm. Dit is ‘n pragtige naam: “vreemdelinge in die verstrooiing”. Ek wil nou ook die motief van *gasvryheid aan die vreemdeling* in hierdie ondersoek betrek.

Hoe beoefen Christene vandag gasvryheid? Ons huise het veral ons privaat-tuistes geword. Vriende, familie en bekendes is nog welkom, maar selfs vir broeders en susters in die Here, stel ons baie gou perke. Ja, vroeër in die oorlog is die onderduikers gasvry in ons huise ‘n tuiste gegee. Toe is dit nog gedoen, maar daarna het die welvaart gekom. Werklike gasvryheid het in die kerke amper uitgesterf. Sê ons nie maar alte gou: ons huise is mos te klein nie?! Of is daar in werklikheid ander redes?

Aan die einde van die pragtige Hebreërbrief, oor Christus ons priester, staan die oproep: “Die broederliefde moet bly. Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg” (13:1-2). Abraham, Lot en nog ander het inderdaad engele in hul huise gehad, hoewel hulle *gewoon gasvry* wou wees. Herberg-saamheid beteken dieselfde as gasvryheid, vir ons ewe ongewoon. In die Griekse taal word daar ‘n woord gebruik wat dit so omskryf: liefde vir die vreemdeling (filo-ksenia). Van die oudstes (1 Tim. 3:2; Tit. 1:8) en die weduwees (1 Tim. 5:10) in die gemeente word verwag dat hulle moet opval deur hul gasvryheid. “Wees gasvry jeens mekaar sonder om te murmureer” skryf die apostel Petrus (1 Pet. 4:9).

Ja, die gasvryheid word uitgeleef as daar medegelowiges van hul reis aankom. In die eerste plek het die Here Jesus self die gasvryheid en sorgsaamheid van baie geniet op sy reis deur die ou beloofde land. Nou geniet Sy getuies van hierdie deug wat Israel as Oosterse volk geleer het.

Gasvryheid het in diens gestaan van die gesamentlike taak om die Evangelie te verkondig

Was hierdie wye gasvryheid in die jong kerk beperk tot die broederskap alleenlik? Word in Heb. 13:1 ‘n beperking op vers 2 gelê: “Die broederliefde moet bly. Vergeet die gasvryheid nie”? Nee, dit kan geen inperking van die wye karaktertrek van die gemeente wees nie. In ‘n lys van liefdesbewyse sê Paulus: “Streef na gasvryheid” (Rom. 12:13). Dit staan in die middel: tussen bydraes maak in die

Is daar enige rede waarom ‘n regverdige God liefdevol moet wees teenoor ‘n skepsel wat Hom haat en konstant teen Sy goddelike gesag en heiligheid rebelleer? - RC Sproul

nood van die heiliges, en die seën van vervolgers. So staan die Christen in die middel van die wêreld: die Bybel noem hom die vreemdeling en dra aan hom liefde op vir die wat net so los van sy eie agtergrond geraak het. Die brief van die Hebreërs en die van Petrus noem aan die een kant die Christene vreemdelinge en dra aan die ander kant die gasvryheid, die liefde teenoor vreemdelinge aan hulle op. Ook Paulus en Johannes het op hul reise vir die Evangelie self ondervind wat gasvryheid beteken. Dit is belangrik dat hierdie karaktertrek van die kerk lewendig bly. Dit hoef nie engele te wees vir wie ons onderdak aanbied nie. Laat dit liever mense wees wat Christene só leer ken het.

Galasiërs 6:10 was, soos De Ruijter sê: die oerprinsipe van die diakonie in die oud-christelike kerk. "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof". Hierdie patroon herken ons in ons bewyse om gasvry te wees. Gasvryheid het in diens gestaan van die gesamentlike taak om die Evangelie te verkondig. Tegelykertyd het dit 'n fundamentele karaktertrek van die Christelike kerk gebly, soos dit in Israel was. *Gasvryheid in die huise van Christene is die helpende hand vir die vreemdeling wat los geraak het van sy eie maatskaplike sekerheid. En 'n Christen weet wat dit is, omdat hy self 'n vreemdeling op aarde geword het.*

Pinksterblydskap by Gereformeerdes

GJC Jordaan

Dit is nou sewe weke na die Pase en daarom tyd om die gebeure by Pinkster te gedenk. Dikwels word dit die Geformeerde Kerke ten laste gelê dat ons te min van Pinksterherdenking maak. Dit is inderdaad so dat 'n mens te min daarvan kan maak. Maar 'n mens kan ook te veel daarvan maak. Laat ek verduidelik.

Pinkster nie na waarde geskat nie

Miskien is dit uit reaksie teen die Metodisme, miskien is dit uit vrees vir wanpraktyke, miskien sommer net uit beskroomdheid. Wat ook al die rede, Gereformeerdes is dikwels huiwerig om iets

besonders van Pinkster te maak. Dit lei egter tot 'n nuwe gevaar, naamlik dat ons die Pinkstergebeure nie na waarde skat nie.

Die Skrif is baie duidelik daarvoor dat die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster geen geringe gebeurtenis was nie. Trouens, dit was dié gebeurtenis van die eindtyd, waarin ons nou lewe.

Met Pinkster het die Here Jesus Christus, wat pas tevore by hemelvaart Sy hemelse troon bestyg het, Sy koningsheerskappy op aarde gevestig. Deur die Heilige Gees het Hy onder ons kom woon en regeer Hy oor ons tot by Sy wederkoms. Ons mag hierdie wonderlike heilsbetekenis van die Pinkstergebeure nie geringskat nie. Nie net met stille verwondering nie, maar ook met diepe dankbaarheid moet elke gelowige aan die uitstorting van die Heilige Gees terugdink. Want die Heilige Gees is God se gawe aan die kerk in die eindtyd. Deur die Gees rus Hy sy kerk toe (Hand. 1:8) om waarlik kerk te wees. Die Gees het gekom om die kerk in die hele waarheid te lei (Joh. 16:13). Sonder die Heilige Gees sou die kerk geen tree kon vorder nie. Trouens, sonder die Gees sou die kerk nie kerk kon wees nie.

Die Pinkstergebeure hou ook 'n ryke troos vir ons in. Die Heilige Gees word nie sonder rede nie deur Jesus "die Trooster" genoem (Joh. 16:7). Waarom "Trooster"? In die eerste plek omdat in Hom God by ons teenwoordig is. Jesus het Sy kerk nie as wese agtergelaat nie, maar in die Heilige Gees na ons teruggekeer. Sedert Pinkster woon God die Gees by en in ons. Daarmee kan ons getroos wees, ook in dae wanneer ons bitter alleen voel.

Maar die troos van die Gees gaan nog verder. Christus het die Heilige Gees ook as seël, dit wil sê as waarborg, aan die kerk gegee (Ef. 1:13). Die Heilige Gees is ons waarborg dat ons aan God behoort. Omdat die Heilige Gees by Pinkster uitgestort is, is elke gelowige in sy diepste wese verseker dat hy kind van God is. Dit is die troos van die Gees.

Ons sal lank kan uitwei oor die heerlike betekenis van Pinkster vir die gelowiges. Ons sou kon wys op die doop met (inwoning van) die Heilige Gees wat elke gelowige ontvang (1 Kor. 12:13). Ook op die opdrag om vervul te word met die Heilige Gees,

Ons is van nature so ingestel dat dit makliker is
om olie uit 'n klip te druk as wat dit is
om 'n goeie werk uit ons te pers

- J Calvyn

oftewel om ons onder die heerskappy van die Gees te stel (Ef. 5:18). Die ruimte ontbreek egter om die gawe van die Gees in al sy fasette te benoem.

**... dat ons as Gereformeerdes
gerus groter blydschap kan toon
oor die gawe
van die Heilige Gees**

Ons moet volstaan deur te sê dat ons as Gereformeerdes gerus groter blydschap kan toon oor die gawe van die Heilige Gees wat die Here vanaf Pinkster aan sy kerk gegee het.

Pinkster uit verband geruk

Ongelukkig word Gereformeerdes dikwels afgeskrik deur kerklike praktyke waarby Pinkster heeltemal uit verband geruk word. Kerklike groepe wat by Pinkster na 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige soek is by ons goed bekend.

Hoewel so 'n strewe waarskynlik gebore is uit groot vroomheid, trek dit in werklikheid 'n streep deur die ware betekenis van Pinkster. 'n Mens kan dit vergelyk met die kwessie doop en herdoop. Die gelowige wat besef dat sy doop seël van God se verbondsbelofte is, hou lewenslank daaraan vas sonder die begeerte dat dit herhaal moet word. Wie 'n herdoop verlang, gee te kenne dat God se belofte vir hom betekenisloos is. Desgelyks, wie 'n heruitstorting van die Heilige Gees verwag, verklaar daarmee dat God nie destyds by Pinkster Sy Gees as blywende gawe en seël aan die kerk gegee het nie. 'n Soeke na 'n heruitstorting van die Heilige Gees trek dus 'n streep deur God se openbaring. Ongelukkig is ook die Metodistiese praktyk van herlewingsdienste in die verlede aan Pinkster verbind. Die gevolg is dat baie Gereformeerdes steeds vandag groot versigtigheid aan die dag lê by die herdenking van Pinkster. En tereg. Want 'n gevoelsmatige opsweping met die oog op 'n geestelike "revival" druis lynreg in teen die werk van die Heilige Gees en daarom ook teen die betekenis van Pinkster.

Daaglikse bekering

Teenoor die praktyk van herlewingsdienste by Pinkster staan immers die Bybelse opdrag tot voortdurende reformasie. Aan hierdie opdrag wil Gereformeerdes juis onverswak vashou. In die lewe van die individuele gelowige beteken voortdurende reformasie niks anders nie as daaglikse bekering.

Dus nie net by Pinkster nie, maar elke dag van ons bestaan moet ons onself meer en meer onder die heerskappy van die Gees stel. As Gereformeerdes leef ons dus daagliks vanuit die werklikheid van die Pinkstergebeure.

Hierdie gesindheid kom pragtig onder woorde in Sondag 32 van die Kategismus, waar ons bely dat "Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons ganse lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur ons geprys word".

As julle deur die Gees lewe, stap dan ook in gelid met die Gees

E Viljoen

Galasiërs 5:25

Vrug van die Gees

Dié uitstaande kenmerk van 'n gemeente van Christus, is 'n lewe deur die Gees. 'n Lewe waar die vrug van die Gees sigbaar geword het. Hierdie vrug van die Gees is geen ander heiligheid as dit wat die Wet van Moses wou bewerk nie. Die Wet is werklik nie teen die vrug van die Gees nie. Die Wet vorm geen bedreiging en is geen vyand van elkeen wat die vrug van die Gees in hul lewens dra nie. Daar is wel één groot verskil – om die vrug van die Gees te kan dra, hoef 'n mens nie meer onder die toesighoudende werk en voogskap van die Wet te wees nie. Wat nou bepalend is, is dat die Gees kragtig in ons kom werk het (Gal. 3:5) – ons het die Gees ontvang deur die verkondiging van die evangelie. Deur hierdie Gees het ons nuwe lewens gekry. Nou moet ons ook die leiding van die Gees volg.

If sinners be damned, at least let them leap to Hell over our bodies. Let no one go there unwarned and unprayed for.

- CH Spurgeon

In gelid

Dááror gaan dit vir Paulus in die hele brief aan die Galasiërs. Hulle het hul lewe met die Here begin deur die Gees (3:3). Geheel en al in hul geloof gefokus op Christus wat as gekruisigde uitgewerp is uit Israel. Intussen is hulle verlei om hulle lewens te laat lei deur die Wetsvereistes wat Israel onderskei het van die ander volke. Dit het verwarring en verdeeldheid in die gemeente gebring. Hierdie verwarring kan op net een manier opgelos word – ons moet in pas stap met die Gees. Byna soos soldate. Ten minste is dit die beeld wat Paulus se woorde oproep: “As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees **in gelid** stap” (5:25). Soos wat soldate in gelid stap met inagneming van mekaar, moet ons nou die leiding van die Gees volg. Eensgesind. Saam met mekaar die vrug van die Gees dra in (ken u dit nog?!) liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, selfbeheersing, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid. Dit is slegs moontlik wanneer ek altyd in my lewe my broer en suster in die oog hou. Soos soldate wat netjies in gelid stap.

Dié uitstaande kenmerk van 'n gemeente van Christus is 'n lewe deur die Gees

Eensgesindheid vra diensbaarheid

‘n Lewe wat deur die Gees beheer word, is geen losbandige lewe nie. Asof ‘n lewe slegs goeie struktuur kan hê wanneer dit bymekaar gehou word deur vaste tye en reëlins! Kenmerkend van ‘n lewe deur die Gees gelei, is dat dit vry is. Nie ‘n vryheid wat ons losmaak van God nie. Vryheid mag dus nie vir losbandigheid gebruik word nie. Asof vryheid ons nie bind nie! Vryheid bind ons juis aan God, Christus en die Gees - meer nougeset as ooit tevore! Die vryheid wat gekom het met die Gees maak mense wat eers selfgesentreer geleef het, diensknegte van mekaar in liefde (5:14). ‘n Lewe in vryheid is nie ‘n selfgerigte lewe nie, maar juis ‘n lewe waar ek oog het vir my naaste. En dit is nou presies waarom dit in die Wet van Moses gegaan het: “Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”.

Mense wat deur die lewendmakende krag van die Gees lewe, gaan nie elkeen sy eie koers in nie. Wanneer gelowiges se lewenskompas gerig is op “Jerusalem daar bo”, kom daar ‘n egte liefdesgemeenskap in die gemeente. Ons lewenskompas gerig op “Jerusalem daar bo”, bewerk hier op aarde ‘n hegte eenheid. Paulus noem dit “die huisgenote van die geloof” (6:10b). Hierdie huisgenote stap in pas met die Gees. Die Gees is die waarborg dat hulle ‘n hegte eenheid vorm.

God is Koning

B Holwerda

God is koning. Hy het absolute soewereiniteit oor alles wat geskape is. Maar vanaf die sondeval erken die mens Hom nie meer as koning nie. Die mens is nie meer onderdanig nie en steur hom niks aan Sy gebod nie. Hy maak eenvoudig asof daar geen God is nie, asof daar niemand is wat die absolute seggenskap oor sy lewe het nie.

God bly dan nogsteeds koning. Hy het gesag en Sy mag word geensins deur die mag van die sonde vernietig of beperk nie. Ná die sondeval is God nog in dieselfde mate soewereine koning as wat Hy daarvoor was. Hy laat die mens egter lewe volgens dit wat vir hulle goed en reg lyk. God laat die mens hulle eie gang gaan. Dit is Hy wat toelaat dat die mens Hom nie as koning erken nie en hul nie buig onder Sy wet nie. Hy gryp nie in om hulle te bring tot erkenning van Sy koningskap nie.

In die paradys was Hy soewereine koning. Hy openbaar Homself ook so. Hy toon aan Adam en Eva Sy koningskap, met al die seëninge wat daarmee saamgaan. Daarom erken hulle Hom ook as koning en buig hul voor Sy wet neer.

Maar nadat die sonde in die wêreld gekom het, openbaar God hom nie meer as koning nie. Hy openbaar nie Sy volle genade en ook nie Sy groot toorn nie. Die mense het Hom uit die oog verloor en vir soverre as wat God nog Sy koningsheerskappy wys, sien hulle niks daarvan raak nie. Hulle is blind daarvoor. God gryp dan ook nie met Sy sterk hand in nie. Hy dwing nie die erkenning van Sy koningskap af, goedskiks of kwaadskiks nie. Hy behou wel sy koninklike

Sonde is wat jy doen wanneer jou hart nie tevrede is met God nie

- J Piper

heerskappy, maar Hy oefen dit nie uit nie, tenminste nie só dat die mense dit erken nie. Hy wys nie dat Hy koning is nie. Tenminste nie aan die oorgrote deel van die wêreld nie.

Slegs in Israël (in OT) toon Hy Sy koningskap. Hy het aan Israël gesê dat hulle Sy volk is en dat Hy hulle koning is. Daar toon Hy weereens wat teokrasie beteken, wat dit inhou dat God regeer. Hy toon hoe groot die genade daarvan is en hoe swaar die verantwoordelikheid. Israël erken God weer as hulle koning en noem hulself daarom: Sy volk. Tussen God en Israël is daar weer 'n liefdesverhouding. Daarom word dit ook sigbaar hoe heerlik en hoe gedug die koningskap van God is. Want die volk se rykdom is hul Koning! Daarom is Israel begenadigd: God is weer koning by hulle. Dit wil sê: Hy maak Homself weer as koning bekend aan hulle. Hy laat die genade van Sy koningskap weer skitter en Hy eis weer die erkenning van Sy koninklike wet: Hier toon Hy weer sy koningskap in seën en gerig.

Hier laat Hy sy koninkryk kom. Dit wil sê: Hy laat Sy koningseën en Sy koningsreg weer hier geld.

Daarom is Israel begenadigd: God is weer koning by hulle

Is Hy dan nie koning van die wêreld nie? O ja, Hy het mag oor álles en Hy heers soewerein oor die wêreld. Hy doen dit egter so, dat die mense dit nie agterkom en erken nie, sodat hulle nie Sy koninklike genade proe en voor Sy wet buig nie. Hy is definitief Koning in die wêreld, maar geen Vader nie. Daar is geen liefdesband nie. Daarom word Sy koningskap ook nie sigbaar sódat die mense dit erken nie.

Israel erken God dus wel as koning van die hele wêreld. Deur Sy openbaring sien Israel dus wel dat Hy ook dáár heerskappy het. Maar aan die ander kant bely hul dat God slegs die koning van Israel is en dat Hy daar Sy mag uitoefen in genade.

En nou ná Pase

C Saayman

Goeie Vrydag en Paasfees is pas verby. Dalk is dit 'n goeie geleentheid om te besin oor die Skriftuurlike bedoeling van Jesus se kruisdood en sodoende opnuut die tinteling te ervaar van die besef dat Sy dood werklik vir óns, as gelowiges, verlossing tot in ewigheid verseker het.

So dikwels word Jesus se offerdood voorgestel asof dit nie werklik enige iemand in besonder se verlossing verseker/verwerklik het nie, maar slegs die moontlikheid geskep het dat enige iemand (wat dit kies) verlos kan word. Jesus het dus nie geweet presies vir wie Hy sterf nie. Hy het slegs gesterf sodat dit moontlik kon word vir enige mens om gered te word. Dit hang dus van die méns af óf Christus se dood effektief sal wees of nie. Volgens hierdie opvatting werk Christus se offerdood soos 'n gelaaide geweer wat slegs potensieël plofbaar is. Die skoot kan egter nie afgaan alvorens iemand nie die sneller trek nie. Christus se dood het dus slegs die moontlikheid van plofbare verlossing bewerkstellig, maar die mens se daad van geloof is nodig om die sneller te trek sodat Christus se dood effektiewe verlossing kan bring. Streng gesproke is dit dus nie Christus se dood wat red nie – net so min as wat die laai van die geweer die skoot laat afgaan. Só gesien, verlos die mens hom/haarself deur geloof en vir al wat ons weet mag dit gebeur dat Christus se dood selfs niemand red nie, indien niemand sou kies om te glo nie! (Dordtse Leerreëls: Verwerping van Dwalings 2:3).

Gelukkig praat die Bybel 'n ander taal. En juis daarin is die vaste troos geleë. Volgens die Skrif was Jesus se offerdood die daadwerklike redding (vgl. Kol. 2:14) van “mense” (vgl. Op. 5:9) en nie slegs 'n moontlikheid-tot-redding nie. Watter mense? Diegene wie die Vader aan Jesus gegee het (Joh. 6:37, 39, 10:29, 17:2, Heb. 2:13) voor die wêreld geskep is (Ef. 1:4). Dit is diegene wat deur die Vader verkies is (Rom. 8:29) en bestem is (v. 30) om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun (vgl. Ef. 1:5). Die “ons” vir wie God Sy Seun oorgelewer het (Rom. 8:32) is die “uitverkorenes” (v. 33). Die Herder het doelbewus Sy lewe vir die

Wie slegs geleer het om te *vlug* na elke hoekie waar die wêreld hom ongemoeid laat, het geen staanplek nie, omdat die *hele* wêreld strykplek is in die worsteling teen Christus

- K Schilder

skape afgelê (Joh. 10:11) en diegene wie nie skape is nie, kom nie tot geloof nie (Joh. 10:26 – let op, daar staan nie: hulle is nie skape omdat hulle nie glo nie. Daar staan: omdat hulle nie skape is nie, glo hulle nie!).

Opvallend is Jesus se woorde tydens die instelling van die nagmaal naamlik dat Sy bloed “vir baie” vergiet word tot vergewing van sonde (Matt. 26:28) (Vgl. ook Matt. 20:28). Nie vir “almal” nie en ook nie vir “min” nie. Dit korreleer met die profetiese woord in Jesaja 53:12 dat die “Kneg” die sondes van “baie” op Hom sal neem.

Dit is interessant hoe die Gees soms die universele begrip “almal” gebruik wanneer Hy oor die vrug van Christus se sterwe praat en dan klink dit of Christus se offer elke individuele lid van die menslike geslag tot voordeel was. Twee sulke gedeeltes is Romeine 5:15-21 en Hebreërs 2:8 e.v. 'n Meer noukeurige lees van hierdie gedeeltes maak dit egter duidelik dat die begrip “almal” in 'n beperkte sin gebruik word as 'n sinoniem vir “baie” (sien Rom. 5:15, 18, 19)! In Hebreërs 2:9 staan dat “Jesus deur die genade van God vir almal sou sterf.” In vers 10 word die “almal” egter weer begrens deur die begrip “baie” en uit die breër konteks van die hoofstuk is dit duidelik dat die “almal/baie” net die “nageslag van Abraham” is (v. 16) wat deur God aan Christus gegee is (v. 13). Dieselfde geld vir 'n gedeelte soos 2 Petrus 3:9 waar daar staan dat God wil hê dat “almal” hulle moet bekeer. Tog word die “almal” begrens deur die “julle” vir wie Petrus aanspreek aan die begin van die sin. En die “julle” is almal wat “deur die regverdige beskikking van God dieselfde kosbare geloof ontvang het” (2 Pet. 1:1). In 1 Timoteus 2: 4 sien 'n mens presies dieselfde gebeur. Die “alle mense” wie God wil hê gered moet word, is die “alle mense” van vers 1, maar uit die konteks is dit duidelik dat dit diégene is wat regeer en gesag uitoefen (v. 2) en dus nie “alle mense” as synde elke individu op aarde nie.

Christus se verlossingswerk was dus doelgerig afgestem op die vervulling van God se voorneme in Sy genadige verkiesing. Christus het met voorbedagte rade (vgl. Dordtse Leerreëls Verwerping van Dwalings 2:1, 2:3) diegene wie

die Vader aan Hom gegee het, onfeilbaar deur Sy offerdood verlos (Dordtse Leerreëls 2:8). Hy roep hulle (vgl. Heb. 9:15, Rom 8:30) en bring hulle ook mettertyd tot geloof in Hom (vgl. Hand. 13:48 asook Hand. 16:14). Die geloof word genadiglik gegê (Fil. 1:29). Die skape ken immers Sy stem (Joh. 10:3). Dit is die mense wie Hy op Goeie Vrydag in die oog gehad het en vir wie Hy na die kruis gegaan het – die gemeente wat Hy deur Sy bloed verkry het (Hand. 20:28 vgl. ook Ef. 5:25). Jesus het gekom om die wil van die Vader te volbring (Joh. 6:38) naamlik dat Hy nie een van dié wat die Vader aan Hom gegee het, verlore sal laat gaan nie (v. 39).

Die kerk verkondig dus nie 'n swak en patetiese Christus wat by mense moet bedel: “asseblief, sal julle my aanneem” nie!

Wat 'n groot liefde van God! Om dooie sondaars, Sy vyande, te wil red en ook werklik te red. Christus het nie slegs vir 'n onbekende groep mense gesterwe, in die hoop dat hulle eenmaal sy verlossing sal aangryp nie. Nee, Hy het my reeds vanaf die begin in die oog gehad. Die Vader het my aan Jesus gegee. Christus het vir my gesterwe en aan my die geloof gegee en my verlos. Wat 'n onuitspreeklike troos. Ek mag weet dat ek onfeilbaar verlos is en dat ek Sy skaap is, want Hy het die geloof in my laat ontvlam.

Hierdie skriftuurlike leer gee ook stukrag en aanmoediging tot die werk van evangelisasie en sending. Ons mag die geleenthede wat Hy gee, entoesiasies aangryp. Want daar mag dalk skape wees vir wie Christus sy lewe afgelê het. Wie die skape is, weet ons nie, maar wie wel skape is, sal na die Herder se stem luister. Hulle sal tot geloof kom. Daarom hoef ons slegs getrou die stem van die goeie Herder laat hoor. Indien ons dit doen, sal die skape die stem herken en luister (vgl. die treffende woorde van Paulus in 2 Tim. 2:10). Hulle heil is nie van ons afhanklik nie, maar van God. Daarom is daar hoop.

Die kerk verkondig dus nie 'n swak en patetiese Christus wat by mense moet bedel: “asseblief, sal julle my aanneem” nie! Ons verkondig nie Iemand

**Evangelism and missions are not imperilled
by the biblical truth of election, but empowered by it,
and their triumph is secured by it**

- J Piper

wat mense se Verlosser kan wees nie, maar een wat die Verlosser is. Ons verkondig nie iemand wat kan red nie, maar Een wat inderdaad red. Christus is geen halwe Verlosser nie, maar Hy is 'n volkome Verlosser (vgl NGB Art 22). Halleluja!

Pinkstervuur?

B Luiten

Soms word 'n mens daarmee gekonfronteer. Gelowige, meelewende gemeentede kan skielik gegryp word deur die boodskap van 'n Pinkstergemeente. Baie vinnig, soms na slegs enkele besoeke aan die samekomste, besluit hulle om hul te laat oordoop.

Dit kan juis mense wees wat in hul geloof 'n sekere onvrede ervaar het. 'n Ontmoeting met iemand van die Volle Evangeliese Gemeente is dan vir hulle soos 'n deurbraak, waardeur die ware lig gesien word. So verlaat mense dan die gemeente, oortuig van 'n beter geestelike lewe as wat hul in die kerk ervaar het. Intussen bly die res van die mense agter met 'n hart vol vrae: hoe is dit moontlik, waarom gaan dit nou, wat het ons verkeerd gedoen?

Voorlegging

Die Pinkstergemeentes was van die begin af reeds vir ons 'n bietjie ongrypbaar. Hulle neem nie deel aan dogma-vorming, soos dit genoem word, nie. Daar is geen geloofsleer beskikbaar waardeur hulle hulself voorstel nie.

Daar word ook baie verskillende name gebruik waarmee hulle hulself noem. Naas 'Pinkstergemeente' en 'Volle Evangeliese Gemeente' kan jy ook 'Krag van Omhoog' teëkom, 'Gemeenskap van Christene', 'Gemeente van die Here', 'Volle Evangeliese Sending', ens.

Die verwysing 'Evangelie-gemeente' kan veral verwarrend wees, want daar is 'n groot verskil tussen die Pinkster- en Evangeliese-groeperinge! Dit is albei versamelname, wat 'n hele aantal skakerings insluit. Die evangeliese staan dikwels tog nader aan ons omdat hulle aanspreekbaar is op die Bybel en op die Bybel alleen. Die pinkstergroeperinge het ook hierdie aspek, maar

daar word volgens hulle in verskillende mate telkens nuwe toevoegings deur God se spreke deur die Gees tot die mens gemaak.

Daar het egter nou 'n belangrike boek verskyn, met die titel *Woord en Geest* (Skrywer: Duffield e.a.). Dit is nie 'n boek oor die pinksterbeweging nie, maar van hulle. Die subtitel is *Hoofdlijnen van de theologie van de pinksterbeweging (Hooflyne van die teologie van die pinksterbeweging)*. Die hooflyne word aan ons geskets in 'n hele 659 bladsye. Dus 'n komplette dogmatiek. Ons is bly met hierdie voorlegging, want dit is baie verhelderend.

Gematigd

Die voor-die-hand-liggende vraag is of elke groep binne die pinksterbeweging, aangesien daar soveel skakerings is, hulleself met hierdie boek sal vereenselwig.

Ek dink dat die antwoord oorwegend positief sal wees, want die boek is gematigd van toon en inhoud. Dit het die grondpatrone van die leer - hulle wil naby God se openbaring bly, sonder om alle praktyke te verdedig wat soms in die kringe voorkom. So neem hulle uitdruklik afstand van die sogenaamde 'second blessing', 'n tweede seën van God, waardeur 'n mens nou alreeds bevry kan word van sy sondige natuur.

Hierdie beperkte opstelling sal in eie kringe eerder die reaksie uitlok dat daar *te min* in die boek staan as wat daar *te veel* staan. Met ander woorde: dit wát daar staan, sal in groot lyne 'n gesamentlike gedeelte minimum wees.

**... dat ons nou alles
gemeenskaplik met Christus
deel. Net so werklik soos wat
ons alles van nature deel met die
eerste Adam.**

Inhoud

In enkele artikels sal ons ons nou besighou met die inhoud van die boek. Daar sal nie 'n samevatting gebied word nie, want daarvoor is die boek heeltemal te omvangryk. Ons kan egter wel, in

Elkeen moenie slegs daar wees vir sy naaste nie,
maar hom oorgee vir sy naaste, al kos dit ons liggaam, lewe,
goedere, eer en alles wat ons het

- M Luther

aansluiting by die titel, belangrike lyne na vore bring.

Oor die algemeen is daar baie waarmee ons ons hartlike instemming kan gee. Hulle bely byvoorbeeld dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is, dat die Paradys en die sondeval historiese realiteite is, dat God Drieëinig is, dat Jesus waaragtig God en mens is en dat Hy as plaasvervanger op Golgota gesterf het tot versoening van ons sondes. Ons neem dankbaar kennis hiervan, want hierdie belydenisse word in sommige (selfs 'gereformeerde') kerke aanvegbaar gemaak. Daarmee saam is daar ook moeite gedoen met die verdediging van die waarheid. Dwalings word meer as een keer met 'n verskeidenheid Skrifgegewens en argumente weerlê. Daardeer het die boek verseker baie waardevol geword. Die Skrifgebruik is soms nogals verrassend, in meer as een opsig, sodat dit ook nie vervelig is om te lees nie.

En dit terwyl die in-Adam-wees (die eerste of die laaste) juis wys hoe God ons sien.

Die res van die artikels sal hoofsaaklik gaan oor die verskille met die gereformeerde belydenis. Dit lyk moontlik baie negatief, maar dit is immers altyd so dat die gesprek oor verskille baie meer woorde verlang as die betuiging van instemming. Bowendien wil ons nog 'n antwoord op ons vraag hê: hoe gebeur dit, dat gereformeerde mense partykeer sommer so skielik in die greep vasgevang kan word van hierdie teologie?

Bevry van skuld in Adam

Dit is belangrik om te weet dat jy in pinkstergroeperings nie sal hoor van die gebore wees in skuld nie. Hulle noem wel Adam se skuld, as 'n historiese feit, maar ons het slegs deel daaraan aangesien ons met die *gevolge* daarvan sit. 'n Mens word immers eers *skuldig* wanneer hy sy volle verstand het en uit vrye wil 'n verkeerde keuse maak.

Sodoende lees ons in hierdie boek dat 'n mens gebore word in Adam se sonde, maar dat hy nie skuldig is daaraan nie.

Verder is die gevolge ook nie so ingrypend nie. Die *verdorwenheid* word wel genoem, maar word baie afgewater. Elke mens bly immers in staat om *met 'n eie vrye wil* vir of téén God te kies?! Die verdorwe mens (so lees ons) is iemand wat 'ten diepste' homself die voorkeur gee bo God, 'so nou en dan' ontpop daar aktiewe vyandskap teen God in hom, en daar is niks in hom waarmee God 'ten volle' kan instem nie.

Sonde is ook positief

Die puinhoop van die sondeval is dus in wese glad nie so erg nie. Ja, ons lees selfs 'n uitvoerige bespreking omtrent die *positiewe* van die sondeval. Deur middel van 'n leerproses sou God se skepsele die kennis verwerf waarvoor God reeds van ewigheid aan beskik. Deur middel van ervaring en openbaring kry die mens kennis van goed en kwaad. Dan kan hy regtig kies.

Die sondeval is volgens hulle ook in lyn met God se begeerte. Hy *verlang* daarna om mense enersyds met Sy offerbloed te red en ook, andersyds, om sy toorn oor die kwaad bekend te maak.

God kies elkeen wat glo

Die lyn gaan verder. Wanneer alles so wentel om die vrye wil van die mens wat hy na die sondeval nogsteeds behou het, om self uit vrye wil vir God te kies, dan is daar geen enkele ruimte meer vir die verkiesende handeling van God nie.

Die woord 'verkiesing' staan in die Skrif en daarom word dit natuurlik deur hierdie outeurs bely. Maar wat is volgens hulle die inhoud daarvan? Nie dat God uit Sy vrye guns, genade skenk aan wie Hy wil nie (Rom. 9:15,16). Maar dit word verklaar as God se voorkennis van die keuse van die mens: 'God weet reeds vóór die tyd hoe iemand sal reageer op Sy genade-aanbod aan alle mense en Hy verkies dan diegene van wie Hy vooraf reeds gesien het wat positief sal reageer'. Met ander woorde: God skenk nie geloof nie, maar Hy wag om te sien wie vanuit homself tot geloof sal kom. Hy 'ken' die mense reeds vantevore (met 'n beroep op Rom. 8:29) en dan bestem Hy diegene tot heerlikheid. Alhoewel, bestem? Dit is die mens wat kies en telkens weer reg moet kies.

Cease to pray and you will begin to sin

- W Gurnall

Christus sterf vir alle mense

Van God se kant af is daar dus 'n genade-aanbod: niks minder nie, maar ook niks meer nie. Want die mens kan self dinge bewerk, en dit moet hy dan ook doen, so lees ons.

Die aanbod is universeel. Christus het vir alle mense gesterf. Hy verlos *die menslike natuur* in haar geheel. 'n Sterk argument word volgens hulle hiervoor aangevoer uit 2 Petrus 2:1, waar dit handel oor dwaalleraars wat Hom verloën wat hul gekoop het. Jesus het hulle gekoop terwyl hulle in hul ongeloof niks van Hom wou weet nie. Siedaar, so bly die losprys nie beperk tot 'n beperkte kring van God se keuse nie. Maar wat dan van die klein kindertjies? Hulle kan nog niks self doen nie. Dit is egter ook nie nodig nie. Hulle kan die sonde van nie-glo-in-Jesus-nie nog nie in hul onwetendheid doen nie. Daarom word hulle almal sonder voorbehoud gered, almal, tot op 'n ouderdom van 4 na 6 jaar, hang af van die ontwikkeling van die kind.

Dit kan so verklaar word volgens hulle, aangesien 'n kind onskuldig in die wêreld inkom. Totdat sy eie bewussyn wakker word, het hy geen enkele verkeerde keuse gemaak nie.

Waarom was daar al straf vóór die wetgewing gewees?

Almal wat 'n klein bietjie tuis in die belydenisgeskrifte is, sal reeds in die bostaande gesien het dat dit in stryd is met die Dordtse Leerreëls. Ek noem dit hier, aangesien die inhoud daarvan tot baie beter insig sal kan lei.

Hoofstuk 1 artikel 1 begin met die belydenis: 'Alle mense het in Adam gesondig en verdien God se vloek en die ewige dood'. In die kantlyn staan die verwysing na Rom. 5:12.

Hierdie boek oor die Pinkstergemeentes se teologie gee oor hierdie gedeelte 'n baie opvallende eksegeese. Hulle wys daarop dat daar in die vervolg van Rom. 5 staan dat daar voor Moses se tyd nog geen wet was nie en dat sonde daarom nie toegereken is nie. As mense in daardie tyd dan tog gesterf het, het dit niks met skuld en straf te make gehad nie. Daar was immers nog geen wet nie ...

Hierdie eksegeese kan egter nie standhou nie. Dit gaan juis in hierdie gedeelte wat God aan ons openbaar daarvoor dat daar voor die wetgewing tog reeds sonde was. Dit staan letterlik so in vers 13. Dan staan daar nie 'sonde' in sy versmalde betekenis van Duffield e.a ('gevolge') nie, maar volgens die bedoeling van die Skrif: 'oortreding' (vers 18). Soos die dood ook genoem word die *loon op die sonde*, Rom. 6:23.

Diegene wat vir skuld en sonde wegvlug na 'n plek waar dit gedeeltelik ontken word, sal tog vroeër or later ervaar dat 'n optimistiese kyk na die mens geen bevryding bied nie.

Voordat die wet op Sinäi gegee is, was daar al oortreding. 'n Oortreding waardeur alle mense as oortreders sal sterf. Hulle wat nie 'n konkrete gebod soos Adam oortree het nie, sterf ook. Byvoorbeeld klein kinders Hoe moet ons dit dan sien? Wel, deur die sonde van één, Adam in die Paradys, het alle mense self sondaars geword. In Romeine 5:12 staan baie duidelik: *Almal het gesondig*.

En dit is dan geen *erf*skuld nie, al word dit soms wel so genoem. Want jy kan nie sonde erf nie (Ese. 18:20). Dit is beter om te praat van 'n *gesamentlike eerste skuld in Adam*.

Die tweede en laaste Adam

Die vraag wat nou gevra kan word is hoekom God so 'n groot risiko geneem het deur die hele menslike geslag te sien in Adam. Tog het God die mens eers baie goed geskape. Wanneer Hy kom tot verlossing, skuif Hy nie die skuld op hierdie struktuur nie. Inteendeel, terwyl Hy hierdie goeie verbondenheid bewaar, vervang Hy vir ons die Adam. Gevolglik wil God ons nou voortaan aansien IN sy Seun. Alles wat in Hom is, word nou aan ons naam gekoppel. Ja, ons mag *self* IN HOM wees, IN CHRISTUS. Hierdie kort uitdrukking kom ons gereeld teë in die Bybel, byvoorbeeld Rom. 8:1. Dit beteken dat God ons as so konkreet ingelyf by Sy Seun sien, dat ons nou alles gemeenskaplik met Hom kan deel. Net so werklik en net so konkreet soos wat ons alles van nature deel met en in die eerste Adam.

Uitverkiesing en verwerping geskied op verskillende gronde:
die een op die genade van God,
die ander op die sonde van die mens

- L Boettner

Almal verstaan wat die gevolg is wanneer die verbondenheid in die eerste Adam nie konkreet bely word nie. Dit blokkeer nie slegs die sig op die persoonlike sondeval van alle mense in die Paradys nie, maar dan kan ook nie meer bely word hoe werklik, konkreet en *persoonlik* God ons in die laaste Adam sien nie.

In hierdie opsigte is daar subtiele verskuiwings waarneembaar in die boek van Duffield e.a., waarop ons gereeld sal terugkom. Die 'in Christus' wees word gereeld genoem, selfs 'n hele paar keer, maar dit het nie die vertroostende uitwerking van ewige geborgenheid nie. Dit word eerder 'n geval van lewe 'deur Christus' en die resultate van Sy werk.

Dit word maklik gesien as 'n nuwe bestaan, wat die gelowige *self* moet laat realiseer.

As illustrasie sal u sien dat Duffield skryf oor die doop 'in Christus': dit beteken dat die sondaar 'homself deur geloof vereenselwig met die dood van Christus aan die kruis en so met Christus opstaan in 'n nuwe lewe'. In hierdie beskrywing is dit opvallend dat die sondaar die handelende persoon is. *Hy* doen dit. Wel deur die Heilige Gees, maar tog! En dit terwyl die in-Adam-wees (die eerste of die laaste) juis wys hoe *God* ons sien. Ons kan dit wel ontvang, in skepping en herskepping, maar dit nooit self bewerk nie.

Dit sou tog heeltetal vreemd wees as iemand in die gereformeerde kerke nie die ware vryheid sou kon vind nie?

'n Ander gevaar verbonde aan hierdie benadering is dat die sondaar hom nie slegs vereenselwig met die dood en opstanding van Christus nie, maar ook *so* met Christus self, op so 'n manier dat die identiteit van die Eén en ander nie meer van mekaar onderskei kan word nie.

Middelaar

Dit is 'n belangrike motief hoekom daar myns insiens vanuit die boek die verbondenheid met God en geborgenheid in Christus nie duidelik na vore kom nie.

Daar ontbreek selfs 'n aparte hoofstuk oor die Seun van God. Hy word voortdurend genoem, selfs gereeld op die regte manier, maar Sy *posisie* as Middelaar word nie sentraal gestel nie.

Die woord 'Middelaar' kom wel in die boek voor. Een keer wys dit na die twee nature van Christus, 'n ander keer dui dit op die toegang wat Hy gee tot die Vader. Maar dat Hy as Middelaar regtig die hele lewe vernuwe, van die begin af aan, en die skuld betaal, reeds vanaf die Paradys om só die mens met God te versoen, soek ons vergeefs na in hierdie dogmatiek.

In plaas daarvan lees ons die opmerklige gedagte dat Jesus tydens sy lewe op aarde nie kon sondig nie. Hy was volmaak reeds van die begin af. Volgens sy godheid was hy so, en ook na sy mensheid was Hy sonder sonde. Die versoeking van die satan was slegs nodig om sy volmaaktheid te *toon*.

Op hierdie manier gaan naamlik verlore wat God in byvoorbeeld Heb. 8:5 sê, dat die Seun gehoorsaamheid *geleer* het. Hy het nie maar net iets kom toon nie, maar vir ons tot stand gebring. Dit is werklik nie 'n klein verskilletjie nie!

Die fondament lê hier alreeds skeef, waarop die bouwerk van die Pinkstergemeente verder sal verrys.

Supralapsarisme

'Lapsus' is latyn vir 'val'; 'supra' beteken 'bo'. Supra-lapsarisme het derhalwe die aanduiding geword van 'n manier van denke, waarin die mens as't ware op God se troon gaan sit om *bo die sondeval* uit te kyk na die einddoel. Die mees verregaande konklusie word dan getrek: byvoorbeeld dat God streef na 'n vol hemel en 'n vol hel, en dat Hy *daarom* besluit het op die skepping van die mens wat in sonde sou val.

Dit is nie mooi om so-iets te lees nie. En dit is net so min tot God se eer dat Duffield e.a. skryf dat God *verlang* daarna om sy barmhartigheid en toorn te wys en dat Hy *daarom* die sondeval toegelaat het. Deur hierdie denke verlaat die eiewyse mens sy eie plek. Hy sit naamlik nie op God se troon nie. Hy kan hom ewemin voorstel dat daar by God nie 'n vroeër en 'n later is nie, want dit is tydsaanduidings. God is nie onderworpe aan tyd nie, hoe kan ons dan

Wie met vrees en weghardloop en vlug tevrede is,
het die roeping wat van bo kom, nog nie verstaan nie

- K Schilder

die gebeurtenisse vir God in die regte volgorde plaas?

Ons belydenisse is op die aarde geskryf. Ons beskryf wat hier gebeur in die volgorde wat God ons geleer het. Ons neem ook ernstig op dat God nooit die sondes wou gehad het nie.

Bevryding?

Dit is tyd vir 'n tussenbalans. Die vraag was aan die begin: hoe kan dit wees dat Gereformeerde mense soms so skielik in die greep van 'n Pinkstergemeente raak? Wat kan ons tot hiertoe daarop antwoord?

Die belangrikste verskil sal wees dat sonde en skuld 'n ander plek inneem. Minder ingrypend, waardeur die mens minder onmagtig verklaar word. Vir meniges sou dit 'n ware bevryding kan wees, want daar is broeders en susters in alle leeftydsgroepe wat deur 'n groot sondebefes 'n sekere geloofsvreugde mis.

Dit is dan belangrik om te vra watter plek sonde en die sondaar in die prediking kry. Gebeur dit inderdaad op 'n benouende manier, sodat die Gereformeerde mens na die Pinkstergemeente vlug?

Die vraag kan ook anders gestel word. Hoe word die gemeente aangespreek: *in die eerste Adam*, as mense wat eerstens sondig, nietig en tot geen goeds instaat is nie, óf *in die laaste Adam*, as kinders van God, wat ondanks hulself tog in Christus vrymoedig mag lewe?

Dit sou tog heeltemal vreemd wees as iemand in die Gereformeerde kerke nie die ware vryheid sou kon vind nie? Hierdie gedagte wil ek ten sterkste ontken. Dit sal wel voortdurend nodig wees om op hierdie punt attent te bly. Deur al die eeue is die vryheid in Christus beveg, deur dwaling van buite en miskenning van binne.

Laat één ding egter duidelik wees: diegene wat vir skuld en sonde wegvlug na 'n plek waar dit gedeeltelike ontken word, kan (tydelik) verligting voel, maar sal tog vroeër of later ervaar dat 'n optimistiese kyk na die mens geen bevryding bied nie.

Egte, volledige vryheid van skuld en 'n diep vreugde in God is gawes wat juis daar ontvang word waar Jesus Christus as Middelaar gepredik word en in geloof ontvang word.

Jerusalem se welsyn

(Nehemia 7)

C van den Berg

Kort situasieskets

Nehemia is deur God uit Susan uit geroep om hom toe te spits op die bou van Jerusalem. Na amper 'n eeu lê die mure nog net so troosteloos plat as by die verwoesting, toe die Israeliete in ballingskap gegaan het. Dit mag nie so bly nie.

Skaars sewe weke na die begin is die bou van Jerusalem se mure klaar. God het ruimte en krag gegee om aan te gaan, maak nie saak hoeveel teenstand die vyande gebied het nie. Al was daar intern ook heelwat probleme, het God geloof en krag gegee om die probleme die hoof te bied en op te los. Die bouwerk is nie gestop nie en die werk is voltooi.

Toeskouers en selfs die vyande moes erken dat dit onmoontlik mensewerk was. God self het hier gewerk. Wanneer Hy bou, wie kan dit dan keer? Oortuigend of nie, die mense bring aan God die eer!

Jerusalem kry poorte (vers 1)

Stadsmure sonder poorte? 'n Poortdeur is daar om bedags die stad te kan betree en om dit snags toe te kan sluit. Nehemia laat hulle maak en aanbring. Voor hierdie tyd was Jerusalem 'n puinhoop en kon jy van oral af in die stad inloop. Nehemia maak weer van Jerusalem 'n régte stad. 'n Mens moet weer deur die poortdeur binnegaan, want andersins kom jy nie in nie.

In die hemelse Jerusalem is ook 'n deur. Die Here self is die deur. Jy kan slegs ingaan deur by Hóm verby te gaan. Hy is die enigste weg om by God uit te kom.

Wagte word deur Nehemia aangestel by die deure van die stadspoorte. Poortwagters van die nuwe Jerusalem. Hulle is nodig, ook vandag nog in die gemeente van God om wag te hou en die deur oop of

Thus it is in hell: The wicked shall be always dying but never dead

- T Watson

toe te maak. Dink byvoorbeeld aan die sleutels van die ryk van God (Matt. 16:19, 18:18 en Sondag 31 van die Heidelbergse Kategismus).

Daar kom 'n tyd wat sleutels nie meer nodig sal wees nie. Dan hoef daar nie meer deure te wees nie. Dan word dit ook nie meer donker nie en het dit volkome veilig geword. Openbaring 21:25 vertel van hierdie hemelse Jerusalem:

En bedags- want nag sal daar nie meer wees nie – sal sy poorte nooit gesluit word nie; ...

Maar dit het nog nie sover gekom nie. Nou gaan die deur nog oop en toe. Jy is welkom by God. Jy word in Sy stad opgeneem en in Sy gemeente, of jy word uitgesluit soos 'n vreemdeling – onbekend.

'n Betroubare wag (vers 2-3)

Wagte is nodig. Jerusalem het nie slegs vriende nie, maar ook vyande. Daarom moet die wagte wag hou en oplet wie wil in die stad ingaan. Vir hierdie doel het hulle helder lig nodig. Die son moet lekker skyn. Nehemia sê: *Die poorte van Jerusalem mag nie oopgemaak word voordat die son warm is nie.*

Hulle moet ook teenwoordig wees as die poorte gesluit word. Die grendel moet opgesit word en die deur moet deeglik toegemaak wees. Om goed wag te hou, is 'n verantwoordelike werk. Daar moet gesorg word dat geen mense insluip nie, geen spioene inkom nie. Dink maar aan die geskiedenis van die twee verspieters van Jerigo. Hulle is binne die stad opgemerk en verraai en toe agtervolg. Hulle het egter geweet hoe om te ontsnap, ondanks toe deure!

Wagters is nodig en baie belangrik. Geen mense wat kwade bedoelings het vir die stad nie. Dink maar aan die slot van Psalm 110:

Uit de stad van de HERE uitroei alle bedrivers van ongerechtigheid.

Daarvoor het 'n mens goeie wagte nodig. Mense wat skerp is. Vandag is dit ouderlinge wat hul taak ernstig opneem. Wat beteken wagte wat nie hul werk deeglik doen nie? Wat beteken hulle as hul 'n uiltjie knip? Dan funksioneer dit nie en gaan dit ten koste van Jerusalem.

Betroubaar én godvresend

Poortwagters moet aan twee voorwaardes voldoen: betroubaar wees en godvresend. Jy kon sê dat eersgenoemde genoeg is. Jy kan immers 'n betroubare man vertrou. Jy weet wat hy vir jou werd is. Iemand wat sy werk deeglik doen.

Ook godvresend? Ja, wel hierso. Hulle kry immers 'n taak by Jerusalem. Jerusalem is God se stad; dit moet hulle denke en dade oorheers en rig. Ook die bewaking van die poort – wie ingelaat word en wie nie. Diegene wat nie die goeie vir Jerusalem soek nie, is nie welkom nie.

Hoe handel ons met ons huise? Natuurlik met die grootste sorgvuldigheid in hierdie tyd! Met spesiale nag-slotte en derglike. By Nehemia handel dit egter oor die huis van God en die stad van God. In die gemeente waar u behoort, handel dit oor die hemelse Jerusalem. Die wag moet hier veral heeltemal betrokke wees.

Dit is pragtig as iemand by die gemeente van God wil aansluit. Ons is bly en dankbaar met elkeen wat kom. Dit moet egter nie outomaties gebeur nie. Dit vra sorg en aandag van die wagte, die ampsdraers, omdat Jerusalem die Godstad is. Omdat die kerk die Here s'n is. Vir die Here saam met die Here. 'n Veilige lewe in vrede saam by God, om dit te bewaar en te bewaak. Niemand mag dit ontnem nie – ook geen vyand nie.

Burgers vir Jerusalem (vers 4)

Jerusalem 'was ruim en groot'. 'n Mooi opmerking. Daar is plek vir baie mense in Jerusalem. Die hemelse Jerusalem sal later die hele nuwe aarde vul. 'n Stad wat die grense van alle lande oorsteek. 'n Wêreldstad vir mense van orals af, spasieus en groot.

Wat beteken 'n groot stad egter sonder inwoners? Die aantal inwoners is maar min en daar is geen huise gebou nie. Op baie plekke is die stad onbewoonbaar. Dink aan die oorlewering van Jerusalem, aan die begin van die ballingskap. Nebukadnesar se soldate het amok gemaak in die stad. In heelwat wyke van die stad alles gebreek en stukkend geslaan. Stukkend, swartgebrande mure is nog op vele plekke te sien. Baie van die

Ons vergewe in soverre as wat ons liefhet

- Francois de la Rochefoucauld

teruggekeerde ballinge het eerder na die omgewing uitgewyk, na dorpe en stede buite Jerusalem. Deur die loop van die jare het dit ook nie verander nie.

Nehemia pak ook hierdie probleem aan. Hoe gaan Jerusalem 'n digbevolkte stad word? Met pleine vol seuns en meisies wat daar speel, met oupa's en ouma's in die omgewing wat op 'n bankie sit. So praat die profeet Sagaria daarin in 8:3-5. Hoe word Jerusalem se bevolkingsvraagstuk opgelos?

'n Bevolkingssensus (vers 5)

Dit staan so mooi beskryf: God het dit in my hart gegee om 'n bevolkingssensus te hou. Wie van ons dink dat die hou van 'n bevolkingssensus 'n geskenk van God is? Dit is wonderlik dat Nehemia dit wel so insien: God het dit in my hart gegee.

Ons betrek God nie vinnig by die praktiese aanpak van hoe om 'n bevolkingsvraagstuk op te los nie. Ons belewe dit nie so nie. God is daar vir die besondere, die geestelike sake. Die gewone dinge is vir ons. God word dikwels nie eers hierby genoem nie.

Maar alle dinge moet met God gedoen word, met God se hulp. God gee insigte en idees: dit is 'n geskenk van God wat Hy in my hart werk.

Wat die bevolkingssensus betref, gebruik Nehemia die sensus wat vroeër reeds geneem is. Hy gebruik die lys van mense wat uit die ballingskap teruggekeer het, onder leiding van Serubbabel en Josua (vers 7). Nehemia spring aan die werk met hierdie lys. Hy vul die lys aan met die nuwe mense om al die burgers van Jerusalem te vind.

Nehemia 11 vertel ons hoe dit gewerk het. Sommiges het hulle vrywillig aangemeld en ander is deur die Here deur middel van die lot aangewys. Ons sal verder daarna kyk in by hoofstuk 11.

Nehemia dra sorg daarvoor dat Jerusalem weer 'n digbevolkte stad word. Al die huise word gerestoureer en weer bewoon. Nie meer 'n Godstad wat half leeg is, met op baie plekke bouvallige huise nie. Jerusalem word weer 'n stad wat bewonder kan word.

'n Lys met name (vers 7-63)

Die boek Nehemia bevat baie lyste met name. Dit het reeds in Nehemia 3 begin. Daar kry ons die name van die bouers van Jerusalem en ook van 'n paar wat diens geweier het.

Hier is 'n lys van die eerste mense wat uit ballingskap teruggekeer het om Jerusalem weer te bewoon. Hierdie lys vind ons ook in Esra 2 - presies dieselfde lys.

Dit is dus twee keer in die Bybel. By Esra word dit egter in 'n ander raam geplaas. Nóú gaan dit egter oor die nuwe inwoners vir Jerusalem.

Hierdie lys met name is die moeite werd. Dit is baie mooi, elkeen word apart genoem. By God raak jy nie verlore in die massa nie, by God is jy jou eie persoon. Jy word getel, saamgereken. Vandag is dit nog presies so. Elkeen by sy naam: broeder De Vries en suster Jansen. God het tyd vir elkeen. Jy kan deur so 'n lys vlieg met 'n vinnige spoed, maar dan het jy nie oog vir elkeen apart nie. God handel anders, al is so 'n naamlys vir ons vervelig. God het oog vir u persoonlik!

'n Naamlys is nie altyd vervelig nie. Toe ek hierdie Bybelstudie geskryf het, was Turkye pas deur 'n vreeslike aardbewing getref. Op die TV-joernaal het ek 'n lys gesien van vermiste persone. Vermoedelik die sterfgevallen. So 'n lys is hartverskeurend. Jy sou egter ook 'n ander lys kon maak, 'n lys van dié mense wat dit oorleef het en wat te midde van die ellende gespaar is. 'n Mens begin so daarna kyk as jy self in die middel van dit alles gestaan het en as die klippe jou amper omgestamp het.

Hier in Nehemia 7 staan 'n lys van oorlewendes. Almal mense wat die ellende meegemaak het. Hul was ver van die stad en die land van God. Êrens in 'n vreemde land, 'n minderheidsgroepering, sonder sosiale voorsiening en dikwels daar waar die klappe uitgedeel word. Dikwels 'n slaaf in diens van 'n minder goeie heer. Nehemia en die ander het baie vrygekoop van die heidene! 'n Lys met oorlewendes. Hulle is weer terug in die land van God. Hulle het ontkom en is nie deur die vyande verslind nie! Hul het ook nie onder die laste ondergegaan en beswyk nie. Terug, vry, heerlik, gered; benadig.

Missions is not the ultimate goal of the church.
Worship is. Missions exists because worship doesn't.

- J Piper

'n Lys van wonders

Die lys met name wys op 'n wonder, byvoorbeeld die tempelsangers. In vers 44 lees jy oor die seuns van Asaf. Daar is weer 148 terug in Jerusalem.

Aan die een kant kan jy dit vergelyk met hoe dit was voor die ballingskap. Dawid het in die verlede alles goed gereël vir die tempel, ook die tempelsang. 'n Bloeiende sangkultuur (1 Kronieke 6:31v. (ook 9:33)). In vergelyking met daardie tyd is dit baie armoedig na die ballingskap.

Aan die ander kant kan dit met die ballingskap self vergelyk word, toe God se huis nie daar was nie en ook geen tempelsang nie, niks meer nie. En nou? Daar is weer tempelsangers: 148 van hulle. Ná die ondergang 'n nuwe begin. Dit kan ook van die poortwagters gesê word – daar is ook van hulle terug: 138 word in vers 45 gesê.

Ons sien dit ook by die priester-groepe. Vroeër was daar 24 klasse priesters, wonderlik! Die ballingskap het egter 'n einde daaraan gemaak. Daar is egter groepe terug! Dele van 4 klasse, noem vers 39-43.

Die volk was voorheen so talryk soos die sand van die see. Toe het die einde van Israel gekom. Nou is daar weer 'n nuwe begin met 42 360 mense. Hulle is wonderbaarlik gespaar. 'n Lys met mense van die wonderwerk, die wonder van God se genade. 'n Nuwe begin danksy God. Hulle word één vir één getel, mense en diere. Kamele en esels (vers 68). Diere is net so goed God se skepsels, presies soos u en ek.

So kom ons allerlei wonders teë. In vers 27 lees ons van die manne van Anatot: altesaam 128. Die profeet Jeremia het daarvandaan gekom. Net voor die ballingskap het hy baie moeites by sy medeburgers ervaar in sy werk. Hulle het sy lewe gesoen en God het hom dit laat voel. In Jeremia 11:21-23 word die oordeel oor Anatot uitgespreek: die swaard en honger sal daar heers. Daar staan dat niemand oorbly nie! Na die ondergang van Anatot lees jy dit by Nehemia. Dit is ongekend: oorlewendes, begenadigdes.

Geen geboortebewys nie (vers 61-64)

Daar is nog probleme. Daar is 'n groep sonder geboortepapiere. Hulle kan nie aantoon dat hulle by Israel behoort nie. Dit is pynlik, want dan is belangrike inligting onseker – is jy regtig 'n Israeliet of is jy 'n buitestaander? Miskien selfs 'n vyand?

So is daar 'n groep priesters sonder geboortepapiere. Dit is duidelik 'n groot probleem. Hulle mag voorlopig nog nie diens doen in die tempel nie. Geen offers bring en ook nie van die heilige offers eet nie. Nie voordat daar duidelikheid kom van God af nie.

'n Probleem. Jy kan sekere dinge beweer, maar hoe bewys jy dat dit waar is? Dat jy saad van Abraham is of van Aäron? In die hemelse Jerusalem is ook 'n bevolkingsregister. Psalm 87 sê dat God 'n rol het waarop Hy die volke neerskryf. God tel die volke asof ingelyf by Israel. Hulle dra ook die naam van Sion se kinders. Die en die is daar gebore ..

Wie presies? Die wat glo! Geloof is die deur waardeur jy die hemelse Jerusalem betree. So behoort jy by Christus. So hoort jy by sy gemeente. Dit is die mense wat die wonder belewe dat hulle gespaar en gered is. Diegene wat die wonder nie raaksien en beleef nie, glo nie. Laat dit duidelik blyk dat jy aan God se gemeente behoort. Die wat nie glo nie, mag nie eet van die allerheiligste (vers 65) nie. Dit is die offer van Christus. Sy lewe wat Hy aan die kruis gegee het.

Nehemia sorg vir die finansies (vers 69-72)

Die einde van Nehemia 7 handel oor die bydraes. Dit word uitdruklik genoem. Die bydraes van familiehoofde, van die stadhouer en die volk – mét getalle!

Ons gaan vreeslik krampagtig hiermee om. Sulke dinge is vir ons baie privaat. Niemand hoef iets daaromtrent te weet nie, behalwe 'n paar ingewydes. En ons argument is gereed: Laat u linkerhand nie weet wat u regterhand gee nie, laat staan nog u regterbuurman.

As a bird with a broken wing is “free” to fly but not able,
so the natural man is free to come to God, but not able

- L Boettner

'n Skat vir die huis van God mag verseker van goud wees.

In die huis van God is alles wat blink, van goud gemaak. Ons vertaal dit gou geestelik: dien die Here met 'n hart van goud. Maar as jou hart van goud is, word jou lewe van goud. Dan word jou gawes ook goud. Jy gee jouself, as 'n priester en 'n priesteres (priesterklere word in Neh. 7 genoem).

Jy kom goud ook teë in die hemelse Jerusalem. 'n Stad met strate van goud. 'n Straat is vir verkeer, vir die omgang met God. Die hele lewe stralend, vir God, vir die diens aan God. Dit is die mooiste wat daar bestaan. 'n Juweel van 'n stad vir Hom.

Al wat jy nodig het om 'n ketter te wees,
is 'n bietjie intelligensie en 'n bietjie hoogmoed